



## Prosedures en stappe in verband met De Hoop Nasorg se dissipline

Hier by De Hoop Nasorgsentrum poog ons on erder klem te lê op die positiewe as die negatiewe. Sodoende bevorder ons goeie gedrag by ons leerders. Leerders kan 'n positiewe gedragskaart ontvang indien hulle goeie gedrag openbaar en selfdissipline aaopenbaar en selfdissipline aan die dag lê. Ons neem wel ag van die positiewe, nie net die negatiewe nie!

Ons ondervind egter van tyd tot tyd tog dissipline probleme en word dan genoodsaak om die probleem aan te spreek.

In die geval van kleiner oortredings, mag die nasorg-personeel een of meer van dié volgende toepas:

- Uitskryfwerk (opstelle, skoolreels ens)
- Nasorg detensie. Dit sal op Vrydae tussen 14:00 en 15:30 plaasvind. U sal 'n brief ontvang indien u kind detensie moet sit. Hy/sy sal daardie dag eers na 15:30 afgehaal kan word. Let asseblief daar op dat skool detensie voorkeur moet kry.
- Ekstra huiswerk
- "Time out" vir die juniors.

Die Gr 1-3 leerders sal n brief vir meer ernstige oortredings, of herhaalde klein oortredings ontvang wat onder u aandag gebring moet word. U sal dan die geleentheid gegun on die aangeleentheid met die Nasorg personeel te kom bespreek. Ernstige oortredings mag daartoe lei dat u kind uit die nasorg geskors word.

Die senior leerders sal n gedragskaart vir ernstige oortredings of herhaalde kleiner oortredings ontvang. Daar sal van u verwag word om kommentaar daarop te lewer, dit te teken en weer die volgende dag terug te stuur na die nasorg. Sou 'n leerder 3 inskrywings op die gedragskaart kry, sal u geskakel word vir 'n afspraak by die skool. Die leerder sal dan n skriftelike waarskuwing ontvang. Daarna mag die leerder uit die nasorg geskors word indien daar weer enige ernstige oortredings sou plaasvind.

Alle huiswerk-opvoeders het n boek waarin swak gedrag en die straf daarvoor gegee, angeteken word. Dit sluit in herhaaldelike gepraat of steuring van die klas, sowel as laatkom by die huiswerkklas in.

Ons vertrou dat ons op u samewerking in hierdie verband kan staatmaak.

Vriendelike groete  
Cara Werneyer  
Nasorghoof